

3 April 2020

Beste Graduandus

Die eerste week van die lewe in algehele inperking is agter die rug. Ons bevind ons in omstandighede wat radikaal anders is en ons lewer almal ons bydrae om aan die inperkings gehoor te gee in 'n poging om die verspreiding van die siekte te stuit. Hoewel die voorspelde infeksiekoers lyk of dit afneem, kan ons nie bekostig om oorgerus te wees en die virus vrye toegang gee tot vernietiging en hartseer op dieselfde skaal as wat ons sover regoor die wêreld gesien het nie.

Vir jou kan die persoonlike tol dalk regtig baie hoog voel – om vir 'n oomblik dié hoogtepunt van jou studies te moet prysgee: om by jou gradeplegtigheid oor die verhoog te kan stap om jou graad of diploma waarvoor jy so hard gewerk het, te ontvang. En dit is die realiteit vir talle van ons graduandi wie se kwalifikasies vandag virtueel toegeken word (hoewel jy tog die geleentheid sal kry om in Desember 2020 oor die verhoog te stap, indien omstandighede dit toelaat). Aan elkeen van julle, 'n spesiale woord van gelukwensing. Julle sal in die annale van die Universiteit onthou word as die klas wat eerstehands ervaar het hoe onvoorspelbaar die toekoms kan wees en hoe waardevol 'n uitnemende opvoeding is om jou toe te rus om môre se onsekerhede te kan hanteer.

As 'n instelling word ons gelei deur ons leuse van “saam vorentoe” – des te meer in 'n krisistyd soos die een wat ons tans beleef. 'n Voorval die afgelope week het my hart warm laat klop. Dit is 'n bewys van die US se ingesteldheid en geesdrif dat ons enige uitdaging saam kan oorkom.

Dit is duidelik uit die beperkings van ons openbare gesondheidsdienste dat ons land dringend meer mediese praktisyns in ons klinieke en hospitale nodig om noodsaaklike gesondheidsdienste te lewer om die toename in COVID-19-verwante gevalle te hanteer. Gegewe hierdie realiteit het ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe 'n versoek vir vrywilligers aan ons senior mediese studente gestuur. Binne die eerste uur het meer as 300 van ons studente die uitdaging aanvaar om in die voorste linies saam teen die siekte te veg!

'n Gedeelte sin van doelgerigtheid – om lewens te red en om ons mense se lewensgehalte ondanks baie negatiewe faktore, te verbeter – het hierdie studente uit uiteenlopende agtergronde genooi om hande te vat. Hierdie faktore sluit in maatskaplike omstandighede gekenmerk deur armoede en ongelukheid, swak-toegeruste mediese geriewe, swak werksomstandighede en

die risiko om aan te steek. Maar 'n sin vir beide professionele en burgerlike plig maak hierdie studente onverskrokke en slaggereed. Hulle word op die oomblik by noodsentra uitgeplaas.

So, wanneer ons huise se mure ons ondraaglik begin vasdruk weens die algehele inperking en ons depressief begin raak, moet ons besef dat ons ongemak, ons lewens van sosiale afstand en ons digitale bestaan, deel is van die gesamentlike poging om die virus se onbeheerste toename te stuit. So voer ons elkeen ons eie stryd, maar saam, in ons gemeenskaplike belang.

Laat ons vertroosting vind in die feit dat ons almal saam in hierdie situasie verkeer, en kom ons neem die bitter saam met die soet om ons toekoms te beskerm. As daar ooit 'n tyd was om ons gemeenskaplikheid te vier, is dit nou.

Wees asb versigtig en bly veilig. Hopelik sien ons mekaar weer in Desember 2020.

Vriendelike groete

Prof Wim de Villiers
Rektor en Visekanselier